**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

**die WAPAD**
*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*
*In U lig sien ons die lig.*
JAARGANG XXVI — VRYDAG 21 MEI 1971 — Nr. 7 7

**CACHET APTEEK**
Groot genoeg om u te bedien.
Klein genoeg om u te ken.
★
DIÉ STUDENTE-APTEEK

# PUKMANS ONDER VERKEERDE INDRUK

## Welkom op P.O.K.-kampus

**DIE MEESTE PUKMANS VERKEER ONDER 'N VALSE INDRUK as hulle dink dat hulle nie op die kampus van P.O.K. welkom is nie, is die bevinding van 'n meningsopname wat 'n verteenwoordiger van *Die Wapad* hierdie week gedoen het.**

In 'n onderhoud wat met die Studenteraadsvoorsitter van P.O.K., mnr. Gallie Maree, gevoer is, het dit geblyk dat Pukmans welkom is om by P.O.K.-dameskoshuise te sleep. Hy het verder gesê dat die dames van P.O.K. ook welkom is om hulle mansvriende van Puk te nooi vir intertees op ongeorganiseerde basis. Mnr. Maree het verder gesê dat 'n georganiseerde situasie tussen die P.O.K.-dames en Pukmans nie goedgekeur kan word nie.

**Gees ly skade.**

Georganiseerde skakeling, veral tussen dameskoshuise van P.O.K. en die manskoshuise van die Puk, kan die gees op P.O.K. laat skade ly. Hy het daarop gewys dat die skakeling tussen die onderskeie Studenterade, asook tussen die studente onderling, vanjaar die beste ooit is.

**Studentepret.**

„Die opstande teen mekaar so af en toe is maar net studentepret", het mnr. Maree gesê. Hy het ook 'n beroep op Pukstudente gedoen, indien dit hulle is, om nie die Olifant van P.O.K. te beverf of te ontsier nie. Hierdie Olifant is deel van P.O.K. se tradisie en buitendien sal so 'n daad op saakbeskadiging neerkom.

**Dames.**

In onderhoude wat met primariae van P.O.K. gevoer is, blyk dit dat hulle ten gunste van groter skakeling met Pukmanskoshuise voel. Na beraming is daar sowat duisend dames wat nie op P.O.K. sleep nie en of op Puk sleep of gladnie sleep nie.

Hoewel meeste van die dames wat genader is ten gunste van groter skakeling, as wat die Studenteraad beoog, voel, sal hulle by die besluit berus. Hiervolgens kan die dames groepies van tot tien mans oornooi vir intertees of ander vorme van sosiale ontspanning.

**Eie dames nie afskeep.**

Die Voorsitter van die Studenteraad, mnr. Leon Wessels, is van mening dat gesonde kontak tussen die dames van P.O.K. en die mans van Puk geen skade kan doen nie. Dit moet egter nie sover gevoer word dat die dames van die Puk afgeskeep word nie. Dit sou byvoorbeeld ongewens wees indien dames van P.O.K. saam met manskoshuise van die Puk begin vlotte bou.

**Mans optimisties.**

Die Pukmans is van oortuiging dat gesonde skakeling met dameskoshuise van P.O.K. 'n goeie manier is om met meer mense kennis te maak. Hulle voel egter ook dat die Pukdames voorkeur behoort te geniet.

**Duidelikheid.**

Aangesien daar nou duidelikheid oor hierdie aangeleentheid bestaan, so word gevoel, kan gesonde skakeling uitgebou word tot voordeel van beide inrigtings. Mnr. Maree het ook daarop gewys dat mans van P.O.K. nie goeie smaak sou openbaar indien hulle teen Pukmans optree wat daar sleep nie.

FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK



**Die nuwe deurloop wat die kampus met die koshuise oorkant die spoor verbind is reeds in volle gebruik.**
*Foto: Ben van der Walt.*

## ASB VERHEUG MET SASO

**NA AANLEIDING van samesprekings wat daar by twee geleenthede tussen Hoofbestuurslede van die Afrikaanse Studentebond (ASB) en die South African Students Organisation (SASO) plaasgevind het, wil die ASB die mening uitspreek dat hierdie kontak van besondere waarde was. Terselfdertyd wil die ASB die reg erken van die nie-blanke studente van Suid-Afrika om hulle besondere belange in 'n eie onafhanklike studente-organisasie te bevorder, het die Afrikaanse Studentebond onlangs in 'n verklaring bekendgemaak.**

Dit verheug die ASB dat SASO ten doel het om die kultuurerfenis van die verskillende nie-blanke bevokingsgroepe te bewaar en uit te bou. Omdat die Afrikaanse student hierdie selfde reg vir hom opeis gun hy dit ook aan al die ander studentegroepe in Suid-Afrika. Die ASB wil die hoop uitspreek dat SASO mettertyd tot die besef sal kom dat hierdie groot ideale, waarvoor ook SASO hom beywer, die beste gedien kan word deur die grootste mate van selfverwesenliking vir elke groep, moontlik te maak ook op geografiese en politieke gebied

Dit is verder verblydend dat die nie-blanke studente die onvermoë van NUSAS om 'n verteenwoordigende organisasie vir alle Suid-Afrikaanse studente te wees, besef. Die Afrikaanse studente het reeds in 1933 tot hierdie slotsom geraak. NUSAS het dus bloot 'n Engelstalige studentevereniging geword met geen bevoegdheid om as spreekstem vir die Afrikaanse en nie-blanke studnte van die Republiek op te tree nie. Om hierdie redes het NUSAS se aanspraak om 'n nasionale unie van alle Suid-Afrikaanse studente te wees, bloot in mite geword.

„Die ASB het kennis geneem van die verklaring wat na die tweede Jaarkongres van SASO verlede jaar uitgereik is en waarin daar o.a. voorsiening gemaak word vir die „behoud van nominale kommunikasie" tussen SASO en die ASB. Die ASB wil hiermee sy beleid en begeerte bevestig om met alle studentegroepe in Suid-Afrika te skakel oor sake van gemeenskaplike belang.

## Skrywer Politikus en Akademikus oor Kleurling

**DRIE PERSONE het verlede Dinsdagaand voor 'n gesamentlike vergadering van Korps, P.N.B. en A.B.K.K. in die Totiussaal oor die KLEURLINGE IN SUID-AFRIKA voor sowat driehonderd studente opgetree. W. A. de Klerk (skrywer), J. H. P. (Hennie) Serfontein en prof. J. H. Coetzee, hoof van die departement Volkekunde aan die P.U., het hierdie onderwerp van alle kante benader en die gesamentlike gevolgtrekkinge gemaak dat daar in alle erns oor die toekoms van die Kleurlinge besin moet word.**

Die geskiedkundige byeenkoms (dit is die eerste geleentheid waarby hierdie drie Hoofliggame van die Studenteraad gesamentlik 'n byeenkoms aanbied) is met die oog op die komende kongres van die Afrikaanse Studentebond (A.S.B.) aangebied met die doel om sekere gedagterigtinge bekend te stel en die gesprek oor die Kleurling te verdiep.

Mnr. De Klerk het met woordkuns die huidige posisie van die Kleurling aangegryp om op inkonsekwensies in die beleid te wys. Hy het ook die ondergeskikte posisie van die Kleurlinge veral in Wes-Kaapland, beklemtoon.

Mnr. Serfontein het hierby aangesluit en gewys op die veranderinge wat reeds in die beleid van die regerings van Suid-Afrika sedert die begin van die 19de eeu aangebring is. Hy het die huidige politieke situasie opgesom en gesê dat daar nog nooit tevore in die Nasionale Party so ernstig besin is oor 'n beleid as juis nou nie. Hy noem die oplossing wat nagestreef sal word die *toetssteen* van die erns van die beleid van die Nasionale Party met betrekking tot die veelvolkigheid in die land.

Prof. Coetzee het die voordragte van die ander sprekers saamgevat en opsommend daarop gewys dat die Kleurlinge steeds as speelbal in die politiek gebruik is. Hy het voorts daarop gewys dat die huidige situasie nie weggedink kan word nie. Dat dit wensdenkery is om aan die Kleurlinge 'n tuisland te wil gee het hy met die bewering dat beide blank en Bruinman reg op Wes-Kaapland het. Hy het dit ook as absolute vereiste gestel dat indien die Kleurlinge 'n tuis land moet kry, dit 'n **gekonsolideerde tuisland** moet wees, aangesien die Kleurlinge geen volk vorm nie. Ook het hy die erns van die aangeleentheid beklemtoon.

## WITS KOM POLITIEK PRAAT

**DIE STUDENTERAAD van die Universiteit van die Witwatersrand het 'n uitnodiging van die plaaslike Studenteraad aanvaar om op 4 Junie samesprekings te voer oor studente-aangeleenthede.**

Hierdie besoek sal plaasvind in opvolging van 'n besoek wat hierdie Studenteraad vroeër vanjaar aan die Witskampus gebring het. Die Voorsitter van die Studenteraad, mnr. Leon Wessels, het reeds te kenne gegee dat hierdie samesprekings hoofsaaklik oor politieke aangeleenthede sal handel indien Wits dit sou verkies.


Tydens die besoek aan Wits is daar weggeskram van meer politieke aangeleenthede sodat die besprekings meer om Studenteraadsaangeleenthede gedraai het.

**Daar he'jy dit!**



Van wanneer af is dit 'n moet om intertees oorkant die straat te hou?

**BULT-APTEEK**
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK




Ek het niks te sê nie. Beleefdheidshalwe sal ek dit stel. Daar het tog niks opspraakwekkends gebeur sedert ek laas keer met my mikrofoonvriende gepraat het nie, behalwe dat een van hulle weer die geleentheid gehad het om te verskyn. Het glo nie te sleg gevaar nie: maar hy het dit darem tot sy krediet dat hy hom by die een of ander retoriese organisasie bekwaam het. Ek het dit mos teen diegene wat nie die moeite wil doen om iets aan die situasie te doen nie: hulle wat voortstamel in onbeholpenheid. Gaan voort: Ons (nie net ek nie) sal weer vir julle lag.

Soos ek vir ons vriende oorkant die straat gelag het vir hulle onbeholpenheid met die varkblaas. Dit is seker nie nodig om dit verder in te vryf nie. Die telling hoef nie op die kampus geverf te word om in die geheue te bly vassteek nie.

Darem opmerklik dat die Pukke *nooit* tot die einde van 'n wedstryd kan bly sit nie. Wen of verloor, sekerheid dwing die Pukke om op te staan en te verkas. Wys hoe intens hulle in die wedstryd belangstel: as die spanning aanhou tot die einde sal hulle bly tot die einde. Heeltemal menslik en sonder oormatige emosie. Dit jubel in die hart en na buite bly dit kalm.

Nou sien ek die mense kla oor die Karnaval se plakkate en konserte. As julle 'n saak het, gaan voort. As julle die konserte of ander byeenkomste bygewoon het, hoop ek net nie dat julle tot die einde bly sit het nie. Indien wel, dan moet daar liewer in stilte oor die saak gekonfereer word voordat die organiseerders gepak word oor die uitsetting al dan nie van die betrokke partye.

Gelukkig het ek reeds aan die begin gesê dat ek niks te sê het nie. Daarom wil ek my misnoë uitspreek met *sommige* van ons dames wat nie mooi maak met hulle klere nie. Dit gaan seker maar weer soos met die mini se debuut. Almal weet nie mooi wanneer en presies hoe dit tot sy reg kom nie. Gelukkig is dit 'n baie klein minderheid en sal die oog nie soveel skade ly nie.

REFLEKTOR.

# Wette Beskerm Voetgangers

**BAIE VOETGANGERS verkeer onder die misverstand dat hulle altyd die reg van deurgang op die pad of straat of by straatkruisings het.**

Die Padveiligheidsraad, wat tans besig is met 'n landswye voorligtingsveldtog om voetgangers meer veiligheidsbewus te maak, wil voetgangers op bepaalde reëls wys wat deur die Padverkeersordonnansie voorgeskryf is vir voetgangergedrag.

Baie van die 3 305 voetgangers wat gedurende 1970 op paaie gesterf het, sou nog geleef het indien hulle die reëls met betrekking tot voetgangers nagekom het, aldus die Padveiligheidsraad.

Waar daar 'n voetoorgang by 'n robot is, moet voetgangers net oorstap wanneer die lig in hulle guns is. Geen voetganger mag 'n voetoorgang skielik binnegaan en in die pad van 'n voertuig loop of hardloop wat so naby is dat dit onmoontlik is vir die bestuurder om stil te hou nie; waar daar 'n sypaadjie of voetpad langs 'n openbare pad is, mag 'n voetganger nie op die ryvlak loop nie, behalwe om van die een sypaadjie na 'n ander oor te stap; waar daar geen sypaadjie of voetpad langs 'n openbare pad is nie, moet voetgangers heeltemal regs op die pad loop sodat hulle aankomende verkeer kan sien; voetgangers mag alleenlik 'n openbare pad oorsteek as hulle dit met volkome veiligheid kan doen; voetgangers mag nie op 'n openbare pad, en veral by kruisings, talm nie, maar moet flink oorstap as dit veilig is.

Die Ordonnansie bepaal verder dat voetgangers hulle nie op 'n openbare pad so mag gedra dat hulle vir hulself of vir ander verkeer 'n gevaar skep nie. 'n Voetganger wat oormatig drank gebruik het, kan maklik so 'n gevaar skep.

Die reëls moet so getrou en nougeset nagekom word dat dit 'n vaste lewenspatroon word.

'n Voetganger wat hom nie by bogenoemde bepalings hou nie, stel hom aan vervolging bloot en by skuldigbevinding kan hy 'n maksimum boete van R200 of ses maande tronkstraf, of albei, opgelê word.

GOEIE KOS!
FLINKE DIENS!
u tevredenheid is ons PLESIER!
BAILIEPARK PADKAFEE
(Langs die Johannesburg-pad geleë).
Besit ook dranklisensie
Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings
Tel. 6670



# TEOLOOG NA V.S.A.

Prof. S. C. W. Duvenage, dekaan van die fakulteit Teologie en departementshoof van Bybelkunde, vertrek vroeg in Julie na die V.S.A. en keer in Januarie 1972 terug na Suid-Afrika. Prof. Duvenhage beoog om by verskillende Amerikaanse universiteite, soos Harvard in Boston, Stanford in San Francisco en in Toronto aan die Institute for Christian Studies navorsings te doen.

Die navorsingsprojek, waarvoor hy 'n seniorbeurs van die Raad vir Geesteswetenskappelik Navorsing ontvang het, handel oor die kultuurfilosofiese, sosiologiese en religieuse agtergrond van die huidige gesagskrisis onder die studente aan Amerikaanse universiteite. Veral sal 'n antwoord gesoek word op die vraag in hoeverre die toenemende sekularisme, met verwante verskynsels, die optrede van linkse studentegroepe stimuleer.



**Prof. S. C. W. Duvenage wat binnekort na die V.S.A. vertrek.**
*Foto: Fotokuns.*

'n Studie sal gemaak word van die Westerse humanisme in sy uiterste konsekwensies, wat in 'n lang proses van sekularisering van die onderwys, en trouens die hele lewe, noodgedwonge die vrugte van anargie moes begin pluk. Die rol wat die teologie van die rewolusie in dit alles gespeel het, sal ook nagegaan word

Ten slotte sal ondersoek ingestel word na die antwoord wat verskeie Amerikaanse universiteite op die probleem gee. Prof. Duvenhage het reeds kontak gemaak met 'n aantal vooraanstaande sosioloë, psigoloë en teoloë wat bereid is om leiding te gee in die navorsingswerk.

Mev. Duvenage sal die toer meemaak. Die egpaar is voornemens om via die Ooste terug te keer na Suid-Afrika.

REGSTELLING

*In Die Wapad van Vrydag 7 Mei is verkeerdelik gemeld dat Heimat die wenvlot tydens Karnaval gebou het. Die beste stalletjie sowel as vlot is die produk van Uitspan en Klawerhof.*

# KRITIEKE BEVOLKINGSDIGTHEID

**MALAWI HET DUS die vierde hoogste bevolkingsdigtheid in Afrika. Die drie lande (met 'n hoer digtheid) is in gunstiger klimaatstreke as Malawi gelee, en daarom is hierdie bevolkingsdigtheid van Malawi skokkend hoog, het mnr. H. van der Wateren verlede week voor die Instituut vir Afrikanistiek aan die Potchefstroomse Universiteit gese.**

Mnr. Van der Wateren is dosent in die Departement Volkekunde en het die maandlange besoek aan Malawi verlede jaar meegemaak. Hy het die Instituut toegespreek oor die Etniesdemografiese samestelling van Malawi.

Hy het voorts daarop gewys dat indien die verspreiding van die bevolking nagegaan word, die situasie selfs meer kritiek voordoen. In die suide is daar dele met 'n bevolking so hoog as 900 persone per vierkante myl. Aangesien dit die bevolking van plattelandse dele is, moet die syfer as skokkens hoog bestempel word.

**Oneweredig.**

Spreker het daarop gewys dat die bevolking oneweredig oor die gebied versprei is. Daar is ook 'n noue kerrelasie tussen beveolingsverspreiding, watervoorraad, topografie en grondtipes.

Een vantdie gevolge van hierdie oneweredeige verspreiding is 'n daling in produksie, weens 'n oorbenutting van die grond.

**Trekarbeid gesond:**

'n Aansienlike deel van die bevolking is steeds afhanklik van trekarbeid met laasgenoemde se sosiologiese en ekonomiese probleme. In hierdie verband is opgemerk dat waar 'n matriliniese stelsel bestaan, die ekonomie nie onder trekarbeid ly nie. Die vader van die gesin was gewoonlik aangewys op jag en oorlog as ekonomiese aktiwiteite, terwyl hy nou na ander middele moet oek. Sy afwesigheid van die tuiste bring dan ook nie mee dat die ekonomiese bedrywighede daar tot stilstand kom nie.

**Toetssteen.**

Mnr. Van der Wateren het daarop gewys dat tradisionele vyande, die Yao en die Chewa, deur Brittanje tot een staat saamgevoeg is. „Die toetssteen vir die standvastigheid van hierdie samevoeging sal kom wanneer lojaliteit aan die persoon van die President vderv ang sal moet met lojaliteit aan die staat."

Die Wapad word uitgegee vir die eienaars, Die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur Interad (Edms.) Bpk., Olënlaan, Posbus 515, Tel. 7184, Potchefstroom en word gedruk deur Carletonville Pers (Edms.) Bpk., Amethyststraat, Carletonville. Tel. 6184, Posbus 406, Carletonville.

# Vakansiewerk in Tuislande Nou Voldonge Feit

**DIE HOOFKANTOOR van die Afrikaanse Studentebond (ASB) het hierdie week bekend gemaak dat aansoeke ingewag word van studente wat teen vergoeding in die Tuislande wil gaan werk gedurende vakansies.**

Daarmee het lang onderhandelings met die Departement van Bantoe-administrasie en ontwikkeling tot 'n skema gelei waarvolgens studente in die Tuislande behulpsaam kan wees met die ontwikkelingsprojekte teen betaling.

**VROEGTYDIG**

Aangesien die Departement op hierdie stadium nog nie aan al die voornemende aansoekers werkgeleenthede sal kan bied nie, sal slegs diegene wat betyds aansoek doen van werk verseker wees.

**VERGOEDING**

Vergoeding word soos volg betaal: Spoorwegorders word aan studente uitgereik vir die heen- en terugreis van hulle woonplek na die tuisland waar hulle diens gaan doen. Indien studente nie van treinvervoer gebruik maak nie, sal vergoeding vir reiskoste, bereken teen staatstarief soos per spoor, aan hulle uitbetaal word.

Ook word 'n allesinsluitende toelaag van R4 per dag aan studente betaal vir die tydperk wat hulle diens doen in die Tuisland. Indien studente in 'n staatsinrigting tuisgaan, sal die vergoeding R2 per dag beloop en die losies gratis verskaf word.

Studente word nie in die volle sin van die woord in diens geneem nie, sodat die Ongevallewet van 1941 nie van toepassing sal wees nie.

**GOU MOONTLIK**

Aangesien hierdie projek reeds gedurende Juliemaand in werking tree, kan belangstellendes so gou moontlik met die Hoofkantoor van die ASB in verbinding tree by telefoon 724-6361 (Johannesburg) of Posbus 8711, Johannesburg. Aansoeke moet in elk geval nie later nie as 31 Mei die hoofkantoor bereik nie. Die volgende inligting moet ook die aansoek vergesel: Volle naam en adres, vakrigting en jaargang en die Tuisland waar u graag hulp wil verleen.

Studente uit enige vakrigting kan aansoek doen.



# WAPADREDAKSIE

**Hoofredakteur** ...... Faan Coetzee Tel. 4868

**Redakteurs/trieses:**

| | |
|---|---|
| Sport | Johann du Pisani 2129 |
| Kuns | Retha Coetzee 2071 |
| Koshuise | Trudie van der Merwe 3214 |
| Politiek | |
| Sosiaal | Ria Ferreira 2119 |
| Akademies | Gerrit Pienaar 6370 |
| Studenteraadsaangeleenthede | Nicolette van der Walt 2069 |
| Foto's | Ben van der Walt 7088 |
| Sirkulasie | Paul Kruger (Kasteel) |
| Spotprente | Andre Schutte |

Die redaksie word geplaas vir die gerief van persone wat met die redaksie in verbinding wil tree met die oog op nuusverskaffing of bydraes van welke aard ookal. Persone wat nog belangstel om mee te help in die aktiwiteite van *Die Wapad* kan met die Hoofredakteur in verbing tree.

# Studenteraad Besoek Turfloop

**DIE STUDENTERAAD het verlede Saterdag 'n lankbeplande besoek aan die Universiteit van die Noorde (Turfloop) gebring en daarmee uitvoering gegee aan 'n behoefte en beplanning wat reeds sedert tien jaar gelede op die kampus gevoel is, het die Studenteraadsvoorsitter, mnr. Leon Wessels, in 'n onderhoud gesê.**

Die besoek is gebring met die doel om meer te wete te kom van die Universiteit van die Noorde en tydens samesprekinge met die Studenteraad daar, is algemene sake wat beide Studenterade raak bespreek.

**Vlot Verloop.**

Die samesprekings met die Studenteraad van Turfloop het vlot verloop, nieteenstaande die feit dat die Pukke hulle verroeste Engels as medium moes gebruik.

Mnr. Wessels het verder gesê dat hierdie besoek veel vrugbaarder was as die besoek wat vroeër vanjaar aan Wits gebring is. Veel vrug het uit die bespreking voortgespruit en verdere byeenkomstes word beplan.

**Eerste:**

Dit was die eerste geleentheid waartydens volledige studenterade op die Turfloopkampus ontmoet het.

Die Studenteraadslede is oor die algemeen beïndruk deur die ordelikheid en vlot verloop van die byeenkoms en het dit aangeprys as die beste wat nog op hierdie vlak bygewoon is.

## TWEE OUD-PUKKE OORLEDE

Twee oud-studente van die P.U., wat verlede jaar nog voltydse studente aan die Universiteit was, is die afgelope naweek oorlede. Hulle is mnre. C. J. H. du Buisson en M. M. Oosthuizen.

Wyle mnr. Du Buisson (21) is verlede Vrydagaand by die Botswanagrens oorlede toe die vragmotor waarin hy gereis het van 'n brug afgestort het. Hy was die seun van mev. S. M. du Buisson, matrone van die Heimat-koshuis van die P.U. Sy begrafnis was Dinsdagmiddag vanuit die Gereformeerde Kerk Noordbrug.

Mnr. Oosthuizen (20) is Saterdagoggend in Pretoria oorlede nadat hy bloeding op die brein opgedoen het. Sy ouers is van Nelspruit.

## Die ASB Vereer Oud President

Die A.S.B.-Hoofbestuur het bekend gemaak dat in beginsel besluit is om 'n standbeeld ter ere van adv. C. R. Swart, eerste President van die Republiek, op te rig.

Dit is nog nie bekend waar die standbeeld opgerig sal word en wat die koste daaraan verbonde sal wees nie. Nadere besonderhede sal mettertyd bekend gemaak word.

## MASSA KRITISEER TE MAKLIK

**DIE MASSASTUDENT is te geneig om maar net te kritiseer en nie self sy volle bydrae te lewer met 'n projek soos die afgelope Karnaval nie, het mnr. Paul Jordaan tydens die onlangse massavergadering in die Totiussaal in nabetragting oor die Karnaval, gesê.**

Hy het daarop gewys dat die organiseerders hard werk om van Karnaval 'n sukses te maak, terwyl die studente te maklik agteroor sit en net kritiek wil lewer. Hy het dan ook groter samewerking van die studentemassa bepleit.

Mnr. Jordaan is lid van die Karnavalkomitee.



**Paul Jordaan spreek die massa tydens 'n onlangse massavergadering toe oor die gebrek aan belangstelling by die massa teenoor georganiseerde aksies terwyl hulle maar te gretig is om te kritiseer.**
*Foto: Fotokuns.*




**Die eerstespan het onmiddellik na afloop van die oorwinning teen P.O.K. hulle nuwe wapen vir die tweede kragmeting in werking gestel.**

ONS STEL BEKEND:

## Prof. C. P. v.d. Walt

Prof. C. P. van der Walt is die grondlegger van die Sentrum vir Internasionale Politiek aan die P.U. vir C.H.O. en ook die eerste direkteur daarvan, 'n pos wat hy nou nog beklee.

Hy het sy universiteitstudie aan die P.U. voltooi. Hy behaal sy B.A.-graad in 1938 waarna hy skoolhou tot 1956. In 1952 behaal hy sy M.A. en in 1955 verwerf hy 'n oorsese beurs. Vanaf 1957 is hy dosent in Staatsleer aan die P.U. en in 1964 verkry hy die graad D.Phil. met die onderwerp, „Die Staatsbeheerde Korporasies vir Ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika". In 1967 verwerf prof. van der Walt 'n tweede oorsese beurs vir 'n studie van die internasionale politiek, hoofsaaklik in Londen.



**Prof. C. P. van der Walt.**
*Foto: Fotokuns.*

Gedurende die veertiger- en vroeër vyftigerjare het hy 'n leidende aandeel geneem in die Voortrekkerbeweging, die Potchefstroomse Kunsvereniging en die plaaslike tak van die Reddingsdaadbond. Prof. Van der Walt was verder vir 'n hele aantal jaar bestuurslid en ondervoorsitter van die Potchefstroomse Skakelkomitee, asook voorsitter vir die termyn 1956-57. In 1967 het hy erelidmaatskap van die Afrikaanse Kultuurraad van Potchefstroom ontvang ter erkenning van die arbeid op bogenoemde terreine.

Voorts was prof. Van der Walt 'n stigterslid van die Potchefstroomse Rapportryerskorps in 1957, sowel as die eerste voorsitter. Hy is weer herkies as voorsitter van die Rapportryers vir die termyn 1968-69. Dan is hy ook lid van die S.A. Buro vir Rasse-aangeleenthede.

Vanaf 1969 is hy lid van die *Institute for Strategic Studies*, 'n internasionale organisasie vir die studie van die verband tussen militêr-strategiese sake en die internasionale politiek. Vanaf 1969 is hy ook lid van die Suid-Afrikaanse Akakemie vir Wetenskap en Kuns.

## Nuwe Organiseerder is Oud-Puk

Die Hoofkantoor van die Afrikaanse Studentebond het bekend gemaak dat 'n oud-Puk, mnr. A. van Tonder, aangestel is as voltydse organiseerder van die Bond.

Mnr. Van Tonder volg mnr. Ben Rheeder in die pos op. Mnr. Rheeder was vir 'n hele aantal jare organisiseerder van die Bond. Hy beoog om hom in sy tuisdorp, Odendaalsrus, as prokureur te bekwaam.

Mnr. Van Tonder het sy studie aan die P.U. in 1969 voltooi. Daarna was hy voltydse aanklaer in 'n landdroshof aan die Rand. As student was hy werksaam in A.S.B. kringe en het hy ook op die Polities-Nasionale bestuur gedien. Intussen is hy getroud en woonagtig in Johannesburg.

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (F.A.K.) het die pos van organiseerder oorgeneem en betaal ook die salaris van hierdie amptenaar. Die aanstelling word gemaak in oorleg met die Hoofbestuur van die A.S.B. Die aanstelling het op 1 Mei in werking getree.

## PYL SAL NOORD WY

'n Pylpunt wat ware noord aandui word in 'n marmerroset in die ingangsportaal van die nuwe Aardkundegebou by die Potchefstroomse Universiteit aangebring. Dit sal ook dien as vloerversiering. Sover bekend is hierdie idee uniek in Potchefstroom.

Die Aardkundegebou word opgerig vir die departemente Geografie, Geologie, Bodemkunde en Stads- en Streeksbeplanning.

Nege verskillende kleure marmer is vir die roset gebruik. Al die marmer kom uit Suid-Afrika.

Daar word verwag dat die gebou, wat teen 'n koste van R600 000 opgerig word, nog vanjaar voltooi sal word, maar soos dele gereed kom, sal die departemente hulle betrek.

Hierdie gebou is die begin van 'n bouprogram van sowat R17 miljoen by die Universiteit. Etlike geboukomplekse soos die studentesentrum en 'n biologiese blok sal miljoene rand kos.

BY VOORKEUR

Gebak deur

Turkstra

BY VOORKEUR

die WAPAD

# Republiekfees Vereis Ondersteuning van die Burgers

Dit is geen onbekende feit dat die Republiek as staatsvorm vandag nie in Suid-Afrika sou bestaan het as dit nie vir die daadwerklike strewe en aktiwiteite van die kontinentgebore Afrikaners was nie. Maar dit is ook die inhoud wat daaraan gegee word wat rus op die skouers van die Afrikaner. Ongekwalifiseerd sou hierdie stelling egter nie kon opgaan nie. Hoeseer die aktiwiteite wat met Suid-Afrika gekoppel word aan die .Afrikaner ·toegeskryf word, kan die werklikheidsfeit dat alle burgers van die Republiek van Suid-Afrika deel daaraan het·nie weggeredeneer word nie. Dat hierdie deel soms uiters negatief en afbrekend is moet alleen voor die deur van die betrokke partye gelê word.

. Die naam **Republiek van Suid-Afrika** dra verskeie onderskeie onderskeidende kenmerke in homself opgesluit:

★ As staatsvorm kenmerk dit 'n bepaalde inhoud wat aan die demokratiese begrip gegee word.

★ Geografies onderskei dit 'n deel van Suidelike Afrika en sal dit toenemend onderskeidend word ten opsigte van die volksgebiede van die mede bevolkingsgroepe en volkere binne die geografiese Suidelike en Suid-Afrika.

★ Op etniese gebied sal die inhoudsvorm van hierdie begrip toenemend aanspraak maak op groter lojaliteit. Die begrippe Suid-Afrikanerskap en Afrikanerskap sal in toenemende mate aanvaar moet word as logiese saamlopende gedagtes wat die een nie die ander uitsluit nie. En hierby sal die posisie van die Kleurlingbevolking eventueel inkorporeer moet word.

Dat daar in die toekoms met erns aan die behoud van die **Republiek van Suid-Afrika** gedink en gewerk sal moet word kan netsowel nou reeds aanvaar word. Diegene wat dink dat daar onder die dekmantel van geregtigheid teenoor iemand of iets onverantwoordelike dinge gedoen kan word word in hierdie verband sal hulle houding ernstig in heroorweging moet neem. Hulle wat sê dat die **Republiek** as staatsvorm aan vaar word, maar dat daar niks is om oor fees te vier nie, moet ernstig besin oor die motiewe en agterliggende gedagtes wat in hierdie verband gekoester word. Dit gaan sekerlik nie om 'n absolute begrip (nl. Republiek) wat losgeskeur kan word uit 'n bepaalde verband nie. En dit sluit ook die voorregte van burgerskap in. Laat diegene wat sodanige uitlatings maak hulle rigting en koers kry na plekke waar dit „beter" gaan en geen lojaliteit vereis word nie. En gou ook.

# Skakelingsbeleid Slaag

Die besoek van die Studenteraad aan Turfloop te Sovenga en die instemming van Wits om 'n besoek aan die Potchefstroom kampus te bring, kan gesien word as 'n mylpaal vir die raamwerk waarbinne die Studenteraad hom ten taak gestel het om sy werksaamhede na buite te verrig. Teen die agtergrond van die Witskonferensie in Juliemaand word dit des te meer insiggewend.


U kan gerus u bande versool by . . .

**GOLDEN WEST RETREADERS**



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK

**Groot voorraad**

★ **NUWE en VERSOOLDE bande**

**Versoling nou ook verkrygbaar in die**

★ **GOODYEAR G 800 loopvlak**

★ **Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING**

**LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM**

**(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)**


# AANBOUINGS HET REEDS BEGIN



**Agter die biblioteek word daar ook fluks slote gegrawe.**
*Foto: Ben van der Walt.*

Daar is reeds 'n begin gemaak met die vergroting van die bestaande biblioteek.

Volgens prof. H. C. van Rooy, Direkteur van Biblioteekwese aan die P.U. vir C.H.O., was die studentetal met die beplanning van die huidige bibliotoeekgebou in 1949 slegs 836. Die bestaande biblioteek is in 1951 voltooi en in 1952 betrek. Die gebou het gou te klein geword en reeds in 1961 is daar 'n deel aangebou.

Die vloerruimte van die bestaande gebou beslaan 32,000 vierkante voet en na voltooiing van die verbouing sal die oppervlakte 120,000 vierkante voet wees, aldus prof. van Rooy.

Aan die suidekant word die biblioteek met 'n driekwart van die huidige breedte en aan die westekant met die helfte van die huidige lengte vergroot wat dit dan in lyn met die westerkant van die Administrasiegebou sal bring. Dit bring mee dat die Calvynvyfer na elders op die kampus verskuif word. Die nuwe deel sal uit vier verdiepings, naamlik 'n kelder en drie verdiepings bogronds, bestaan.

Volgens prof. Van Rooy is daar op die oomblik slegs sitplek vir tweehonderd studente, terwyl daar gehoop word dat vir eenduisend vyfhonderd studente voorsiening gemaak sal word. Behalwe die studiesaal word beplan om ook studieruimte rondom die magasyne te laat. Verder word ook vir 500 000 boekdele voorsiening gemaak.

Albei bestaande ingange tot die biblioteek word deur 'n groot nuwe ingangsportaal, wat die huidige kunskamer en lesingkamer sal insluit, vervang. Dit sal van 'n uitleuntoonbank voorsien wees. Verder word 'n koerant- en tydskrif leeskamer beoog, waar die studente tussen studies en klasse kan ontspan. Dit sal van gemakstoele en asbakke voorsien word.

Die oostelike vleuel sal in die nuwe gebou ingerig word met vyf kantore vir personeel en vier klaskamers vir Biblioteekkunde.

Volgens prof. Van Rooy sal dit die firma 32 maande neem om die verbouing te voltooi en daar word gereken dat die gebou dan voorsiening sal maak vir uitbreiding van studente, personeel en dosente tot 1985.

# Geen Mannekragtekort Voorsien

**DIE INSTITUUT vir Mannekragnavorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing het sopas 'n raming van die mannekragsituasie in 1973 voltooi. Die betroubaarste beskikbare inligting is vir hierdie raming gebruik.**

Volgens die raming sal die totale vraag na mannekrag in 1973 op 1 540 000 persone te staan kom. Dit veronderstel 'n gemiddelde ekonomiese groeikoers van 5½ persent per jaar. As 'n gemiddelde groeikoers van 6 persent per jaar gehandhaaf word, sal die syfer op 1 577 000 persone te staan kom. Die totale aanbod van mannekrag behoort in die aanvraag te kan voorsien, mits die groeikoers nie 6 persent per jaar oorskrei nie.

Bogenoemde gegewens berus ook o.a. op die veronderstelling dat die gemiddelde jaarlikse toename in produktiwiteite van 2,9 persent en 'n netto immigrasiesyfer van 31 000 per jaar gehandhaaf kan word.

Verder word daar geraam dat 1 112 200 mans in 1973 benodig sal word. Na verwagting sal 620 800 mans van die 1968-arbeidsmag dan nog beskikbaar wees, sodat 491 400 tussen 1968 en 1973 tot die arbeidsmag moet toetree — 44,2 persent van die totaal mans wat na raming benodig sal word.

Die persentasie werkers wat in die betrokke tydperk tot sommige beroepe moet toetree ten einde in die aanvraag te voorsien, is hoër as 44,2% vir sommige beroepe en weer laer vir ander. Die persentasie vir professionele, semi-professionele, tegniese, besturende en administratiewe werkers is bv. 58,9%, en vir klerklike en verkoopswerkers 29,1%. Hierdie twee groepe verteenwoordig die twee uiterstes.

Die syfers dui op 'n toenemende behoefte aan mannekrag wat na skoolverlating verdere opleiding ontvang het. Dit dui ook daarop dat dit in landsbelang is dat minder mans jaarliks aan ons universiteite, ook die P.U., druip.

# KOUE IS NORMAAL

Volgens die weerkantoor by die Landboukollege is die koue van die afgelope paar dae in Potchefstroom niks buitengewoons vir hierdie tyd van die jaar nie.

Die langtermyn gemiddelde rypdatum is op 15 Mei vasgestel. Potchefstroom het sy eerste ryp van die winter op 16 Mei gehad. Met die ter perse gaan was die laagste temperatuur van hierdie jaar — 5,6 grade Celsius, terwyl die gemiddelde langtermyn minimum temperatuur vir Mei — 0,8 grade Celsius is.

# Uit die Woord

## Die Oorblyfsel

*Rigters 5:13 „Toe het die oorblyfsel van die vername manne . . . afgetrek . . ."*

*Die Verbondsvolk, Israel, het nie as geheel opgetrek om stryd te voer teen Sisera en sy leërmag nie. Net maar die helfte van twaalf stamme het gehoor gegee aan die oproep van Debora en Barak. Die ander stamme het rustig aan die oostekant van die Jordaan bly sit en hulle min gesteur aan die oproep om tot die geveg toe te tree.*

*Laat ons egter nie te gou die „oorblyfsel" wat wel tot die stryd toegetree het met te veel lofsegging prys nie. Ook hulle het vroeër die afgode vereer (Rigt. 4:1 en 2). Die openbaringskrag van hierdie vers tree egter op die voorgrond wanneer die Hand van God hier raakgesien word: Hy het, omdat Hy dit besluit het, reeds voordat hierdie wêreld van ons geskep is, vir hom 'n „oorblyfsel" uitgekies; hierdie „oorblyfsel" se getal is besig om volgemaak te word.*

*Ons leef in hierdie tyd van volmaking. En deur die geloof wat God in ons werk, kan ons elkeen 'n deelgenoot word van Sy „oorblyfsel"; Sy oorblyfsel wat Hy uit Egipteland uit die slawehuis uitgelei het; Sy oorblyfsel wat deur Hom gelei is om Sisera te verslaan Sy oorblyfsel waaruit God mens geword het.*

*En die tyd en die oorblyfsel sal Christus weldra volledig versamel om saam met Hom te gaan tot aan die Regterhand van Sy Vader, waar hy vir ons plek berei het: Dan het hulle, wat waaragtig lewendgemaak is uit die sondedood, hul bestemming bereik.*

*D.L.*

# KEUSTA WORD DIE GROOTSTE OOIT

**DIE GROOTSTE EN OMVATTENDSTE PROJEK wat nog ooit deur studente op kunskulturele vlak nasionaalwyd georganiseer is, word beplan vir Juliemaand onder die naam *KUESTA* 71, onder beskerming van die Afrikaanse Studentebond.**

Die organiseerder van die A.S.B. het bevestig dat die datum en plek gefinaliseer is op 28 Junie tot 3 Julie te Pretoria. Die kampus van die Universiteit van Pretoria is tot die beskikking van die Kuesta-organiseerders gestel sodat sowel die kongres as hierdie projek gelyktydig op dieselfde plek sal plaasvind.

**Grootste ooit.**

Die organiseerders het bekendgemaak dat die projek vir tweeduisend studente beplan word sodat dit die grootste enkele sodanige projek in die geskiedenis sal wees. Die sukses wat die eerste KUESTA beleef het word slegs as basis vir hierdie poging beskou. Die projek behels drie afdelings:

★ 'n Kunsfees.
★ Kunsuitstallings.
★ Praktiese Kursusse.

Al die afdelings sal op interkollege en inter-universitêre kompetisiebasis gereël word.

**Kunste.**

Die kunsfees en kunsuitstalling sluit onder meer die geleentheid om vertroud te raak met die hedendaagse tendense op kampusgebied op hierdie vlak in. Die geleentheid word ook gebied om mee te ding in die volgende hoofafdelings:

★ **Sang:** Solo, trio, kore.
★ **Instrumentaal:** Viool, klavier, fluit, tjello, trompet.
★ **Danse:** Ballet, Spaanse danse klopdanse, moderne ballet, Russiese danse, Pools, Hongaars, Indiese en Hawaise danse.

Hierbenewens kan daar ook in die komposisieafdeling meegeding word.

**Studenteliedjies.**

'n Ander afdeling is die skep van nuwe studenteliedjies. Nuwe woorde op bekende wysies of geheel nuwe skeppinge word verwelkom. Die drama- en voordragafdeling sal veral die belangstelling van die filmbase van Suid-Afrika trek. Nuwe talent vir die ontwikkelende filmbedryf sorg daarvoor.

**Nasionale verenigings.**

Tydens KUESTA 70 is twee nasionale verenigings in die lewe geroep en tydens KUESTA 71 sal die geleentheid bestaan om verdere sodanige verenigings in die lewe te roep. Skaak is reeds op hierdie wyse in 'n vereniging saamgesnoer en sal tydens KUESTA 71 skaakkompetisies reël. Kampusspanne sowel as individue sal kan deelneem.

**Oorsese toer.**

Die organiseerders van KEUSTA 71 ondersoek nog die moontlikheid van 'n oorsese toer wat aangebied sal word vir die wenners op die kunsfees. Hierdie toer sal, indien dit plaasvind, nie voor volgende jaar kan realiseer nie. Daar sal egter eers op die standaard van die kunsfees en die belangstelling in die buiteland ingegaan moet word. Voorlopige opnames toon egter 'n behoefte in hierdie verband.

**Groot pryse.**

Benewens die moontlike oorsese toer sal ander aanloklike pryse beskikbaar wees. 'n Otto Bach-klavier, toere na die wildtuin, kamera's, radio's, boeke, ens. Ook sal wisselbekers en sertifikate uitgedeel word. Elke deelnemer aan KUESTA 71 ontvang 'n sertifikaat om te sertifiseer dat hy daaraan deelgeneem het.

**Belangstelling:**

Groot belangstelling word vir die fotografiese uitstalling verwag. 'n Kursus vir gevorderde fotograwe word ook aangebied. Die nasionale pers het ook reeds laat blyk dat hierdie afdeling van belang mag wees. Kleurskyfies sowel as foto's kan ingeskryf word vir die uitstalling.

**Kursusse.**

Soos verlede jaar word 'n groot aantal praktiese kursusse aangebied. Hieronder ressorteer onder meer:

Motorherstelwerk (Elementêr vir dames).
Gevorderde motorherstelwerk.
Fotografie (gevorderd).
Joernalistiek.
Reklame.
Openbare redevoering.
Klipslypery.
Landsekonomie.
Batikwerk.
Mosaïkwerk.
Skilderkuns.
Handsakknoop.
Knoop-en-doop.
Kunswaardering.
Kunsnaaldwerk.
Mannekynkuns.
Etiket.
Modeontwerp en naaldwerk.
Grimering.
Blommerangskikking.
Rottangwerk.
Binnenshuise versiering.
Juweliers werk.
Rekenaarprogrammering.
Volkspele (Beginners).
Volkspele (Gevorderd).
Spaanse Danse.
Redenaarskuns.

Daar sal ook, anders as verlede jaar, sportkursusse deur vooraanstaande sportmanne aangebied word. Die klem sal op tegniek val en die sportsoorte wat aandag kry is: Rugby, krieket, tennis, hokkie, rykuns, tafeltennis, skerm en gholf.

**Algemene inligting.**

Die projek duur van 28 Junie tot 3 Julie en inskrywingsgeld beloop R16 per persoon. Hierdie bedrag sluit losies sowel as inskrywingsgeld in. Die addisionele sosiale vermaak is gratis. Gedurende die projek sal die afdeling sosiale vermaak groot aandag ontvang. Bioskoopvertonings, uitstappies na die skaatsbane, Sterland, modeparades, verskeidenheidskonserte, braaivleise, samesang, serenades en alle moontlike bedinkte vorme van ontspanning word in die vooruitsig gestel as deel van die projek.

Inskrywingsvorms is by die Studenteraadskantoor verkrygbaar of kan by Alwyn Kraamwinkel verkry word. Koste beloop R5 per persoon indien nie van koshuisinwoning gebruik gemaak word nie.

Die kunsfeesreëlboekie is ook beskikbaar. Plakkate en strooibiljette sal verdere inligting bekendmaak.

## Genooi na U.O.V.S.

**DIE DEPARTEMENT STUDENTESKAKELING van die Afrikaanse Studentebond het bekend gemaak dat prof. P. J. Heiberg van die Universiteit van die Noorde as spreker sal optree tydens die jaarlikse konferensie van Opvoedkundestudente wat op 4 en 5 Junie in Bloemfontein aangebied word.**

Die onderwerp sal wees: Opleiding van Onderwysers in die Afrikaanse Volksverband. Bespreking sal hoofsaaklik handel oor die praktiese probleme in die onderwys van vandag.

Die konferensie begin Vrydagaand met 'n Kaas-en-Wyn onthaal in die H. van der Merwe-Scholtz-saal en sal Saterdagmiddag teen ongeveer 5.00 nm. afgehandel wees.

Persone wat belangstel om die konferensie by te woon kan met die plaaslike A.S.B.-Komitee in verbinding tree.

## VERSKYNINGSDATUMS

Vir die gerief van die lesers plaas die redaksie die verskyningsdatums van *DiE Wapad*. vir die res van die jaar. *Die Wapad* is soos gewoonlik op hierdie datums in die verskeie koshuise en die Kafeteria beskikbaar:

| | |
|---|---|
| 4 Junie. | 20 Augustus. |
| 18 Junie. | 27 Augustus. |
| 25 Junie. | 10 September. |
| 6 Augustus. | 1 Oktober. |




**HUIS en TUIN**
TEL. 4641
★
U NAASTE WINKEL AAN DIE UNIVERSITEIT
ONS SPESIALISEER IN STUDENTEBEHOEFTES

DIE
INSLEEP RESTAURANT
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039


# Beeldende Kunste op Puk Ingestel

**VANAF 1972 sal die P.U. vir C.H.O. 'n B.A.-graad in die Beeldende Kunste aanbied, wat sal verskil van die by alle ander universiteite in Suid-Afrika. Die kursus is op 31 Maart deur die Raad van die P.U. vir C.H.O. goedgekeur.**

Op 'n onlangse toer van agt dae, het prof. G. M. Ballot, Hoof van die Departement Kunsgeskiedenis, die Kunsdepartemente van vier Universiteite besoek, tewete Kaapstad, Stellenbosch, Grahamstad en Pietermaritzburg. Volgens prof. Ballot toon nie een van die Universiteite 'n ooreenstemmende program van aanbieding vir die Beeldende Kunste nie. Elkeen probeer aksent lê op 'n spesifieke rigting.

Prof. Ballot sou graag wou sien dat aan die P.U. vir C.H.O. meer op 'n Europese vastelandse grodslag te werk gegaan sal word, om sodoende 'n eie Afrikaanse rigting daaruit te ontwikkel. Die ideaal is dat daar op hierdie wyse 'n daadwerklike en positiewe bydrae vanuit Potchefstroom die Afrikaanse kunstenaarsmilieu binnegedra sal word. Die industriëlen nywerheidsgroei in Suid-Afrika bring mee dat daar 'n nuwe arbeidsveld vir opgeleide beeldende kunstenaars is. Die P.U. vir C.H.O. kan dus help om ook die Afrikaanssprekende kunstenaar 'n aandeel daarin te laat kry.

Volgens prof. Ballot bestaan daar sedert die instelling van die driejarige graadkursus in Kunsgeskiedenis, 'n groot belangstelling vir 'n kursus in Beeldende Kuns aan die P.U. vir C.H.O.

Die graad B.A.-Beeldende Kuns, sal oor 'n tydperk van vier jaar strek en kan ook terselfdertyd 'n diploma, U.O.D. B.K., insluit, andersins kan hierdie diploma afsonderlik in 'n vyfde jaar geloop word. (Dit stem dus ooreen met die huidige B.Mus. leerplan).

Die Diplomavakke word vanaf die tweede jaar aangebied indien dit gelyktydig met die graad geneem word. Daar sal in Beeldhoukuns gespesialiseer word, aangesien ander Universiteite dit verwaarloos of gladnie aanbied nie.

Om die kunskursus 'n aanvang te laat neem, sou nog twee addisionele personeellede benodig word. Voorlopig sal daar op die geboue van Haak- en Steek gebruik gemaak word wat meebring dat daar slegs 'n maksimum van twaalf studente tot die eerste studiejaar toegelaat sal kan word. Daar word gehoop dat daar binne 'n bestek van agt jaar 'n nuwe gebou op dieselfde plek opgerig sal word vir die Departement Kuns, wat dan ruimte vir meer studente sal bied.

# STAATMAKERS BESKERM BURGERS

**DIE STAATMAKERS IS VANJAAR by die A.B.K.K. geaffilieer en word sodoende op die Studenteraad verteenwoordig. Dit is reeds die derde jaar van hulle bestaan en die affiliasie is 'n groot stap vorentoe, het die voorsitter, Jan Nagtegaal, gesê.**

Die Staatmakergroep van die Voortrekkerbeweging is gestig om die leemte wat daar tussen die skoolgaande Voortrekkers en Offisiere bestaan het, te oorbrug. Dit is 'n opleidingskursus vir Offisiere. Om 'n Offisier te wees beteken om die kweek van rein karakters te bevorder en is ook 'n opleiding vir goeie burgerskap, het hy verder gesê.

Hulle beoog hierdie jaar 'n kursus in burgerlike besterming en brandbestryding, uitstappies na geskiedkundige plekke in die omgewing. 'n Besoek aan Triomf debatte oor aktuele sake en wat die ontspanning betref is daar dinge soos braaivleise, kampe en 'n toer na die Drakensberge in die vooruitsig.

'n Beroep word op alle oud-Voortrekkers en ander belangstellendes gedoen om by hierdie beweging aan te sluit. Vergaderings vind Maandagaande om 7.00 nm. aan huis van Tannie Bettie Oelofsen, Mareestraat 79, plaas.

# Verdere Terugslag vir Konferensie

**DIE BEOOGDE veelrassige konferensie wat die Universiteit van die Witwatersrand gedurende Juliemaand beoog, sal nou ook sonder die teenwoordigheid van R.A.U. moet klaarkom.**

Die Voorsitter van die Studenteraad van die Randse Afrikaanse Universiteit, Gustaf Pienaar, het onlangs bekend gemaak dat R.A.U. nie sy weg oopsien om die konferensie by te woon nie.

Daarmee het al die Afrikaanse Universiteite hulle aan die voorgenome konferensie onttrek.

Dit skyn asof slegs die Engelstalige en sommige van die Bantoe-universiteite die konferensie sal bywoon. Stellenbosch maak aanspraak daarop dat die gedagte aan so 'n konferensie eintlik van Stellenbosch afkomstig is, en sal ook die byeenkoms bywoon.

Waarnemers wys daarop dat, as gevolg van die afwesigheid van die Afrikaanse Kampusse, die Engelse Kampusse maklik dieselfde houding kan inneem as met die stigting van NUSAS in die vroeë dertigerjare.

# OP DIE KOSHUISFRONT

**KARLIEN EN HOMBRE:**

Karnaval: In die verlede maar nie vergete. 'n Aksie is een wintersaand gehou. Die doel daarmee was die praktisering van 'n wyse ou wysgeer se filosofie i.v.m. vriendskappe, n.l. „Don't just stick it, Bostik it."

In die voorportaal van **Karlien**, met voedselbelaaide hande en spanningsgevulde harte is op die aankoms van die **Hombre**-mans gewag Geklee in alles behalwe 'n sweetpak, waggel Waggies en rits Riks agterna by die voordeur in.

Eindelik, op wiele verplaas ons na **Hombre.**

Die eens chaotiese werksplek het verander in 'n eksklusiewe Hombreaanse nagklub. Met gedempte ligte, „gedempte" musiek en gordyne waar nie gordyne was nie.

In groepies van twee het die gaste en gashere op die moderne sitplekke (matrasse) versamel. Teen die mure het oorspronklike stukke van die begaafde kunstenaar, Rembrandt van Voges, gepryk saam met twee beroemde muurbehangsels (vale afkomstig van die vlot).

Fritz Claassen, 'n kunstenaar op eie bodem, het heelparty ware verhale uit die verlede opgedis. 'n Kok van beroep is hy nie en moes toe die hulp inroep van die huishoudkundige, Elize van De Aar.

Almal is die aand op verskillende maniere verryk, bereik en selfs ontryk, maar die rykste van almal was Johan Fourie. Soos Goliat van ouds het hy onwrikbaar bly staan sodat Jimmy P., (in die rol van Dawid) nie met 'n slingervel, maar met 'n tipsie-tert hom vol in die gesig gooi. Afgesien van die twee rand in sy sak is sy bloed d.m.v. 'n diffusieproses op sy gesig met alkohol verryk.

Vir Riks is werk nie lekker nie behalwe as die vergoeding 'n bottel vonkelende Sprite is (alweer gedink dit is „sjampain").

'n Mengsel van verbasing, verrassing en ongeloof was op Anton Potgieter se gesig vasgevang toe Kersvader so vroeg in die jaar bedrywig raak en sy beker wat gedurende Karnaval as gipsmengbak gedien **het**, met 'n „made in Switzerland" produk vervang.

Om die aand af te sluit is die ligte gedemp (dit is nie wat julle dink nie). 'n Sêrgroep van sewe manne het 'n paar weemoedige liedjies gesing en nie net kitaarsnare aangeraak nie. In verliefdes se oë was die vonkeling van bruiswyn, in die oog van die gebrokene het 'n traan gehuiwer en die res het in 'n stil beswyming weggeraak by die aanhoor van die sewe stemme.

'n Interaksie uit die boonste rakke was dit beslis en daar het en sal sekerlik baie interaksies op kleiner skaal (twee-twee) plaasvind.

Ons raad aan ander vlotgroepe is: volg ons voorbeeld, dit is lekker.

---

**OOSTERHOF.**

Oosterhof is besig met 'n algehele verfraaiing. Ons ontspanningsaal sien al heelwat anders daar uit na die arrivering van die poef. Die poefe is gekoop met geld wat die dames ingesamel het en dit is dus baie jammer dat die mans al twee van hulle geneem het.

Elke aand trotseer ons die koue om **Hot Dogs** te verkoop om sodoende geld in te samel vir nuwe sitkamermeubels. Ons hoop om een van die dae net so uit te hang soos Heide en Karlien.

Op die gebied van sport gaan dit ook nog besonder voorspoedig. Ons wen ons eerste netbalwedstryd teen Kulu 16-5. Ongelukkig was die tweede span minder gelukkig en moes hulle die onderspit delf met 7-8.

Met ons verloofdes (Makouvlei) gaan dit nog baie goed. Die koors loop nog hoog. Van verloofdes gepraat — die edelgesteentes het 'n goeie afsetgebied gekry in Oosterhof. Meer as tien dames loop al met die blink klippie aan die ringvinger sedert die begin van die jaar.



**Die dames weet deesdae self nie meer of dit maksi, midi of mini moet wees nie. Die dametjies wat vir die fotograaf poseer is in die gewone volgorde Francis Pfeiffer, Madeleen Jordaan en Corrie Brouwer. Die mans kan gerus laat weet hoe hulle oor die sakie voel.** *Foto: Fotokuns.*



**Daar is net nie iemand nie of Piet Fotokuns het hom al afgeneem. Hier het hy homself in 'n spieel gefotografeer.** *Foto: Fotokuns.*

# DIE WAPADFOTOGRAAF — 'N OU BEKENDE

**MENEER PIETER VAN MAARLEVELD, beter bekend as Oom *Piet Fotokuns* van die Bult, is al net so 'n deel van die kampuslewe as wat die studente is.**

Hy het in 1952 na Suid-Afrika gekom. Hy was eers in Vereeniging werksaam en is vandaar na Sasolburg waar hy as skeikundige gewerk het.

Toe kom hy na Potchefstroom om aan die P.U. vir C.H.O. te studeer, Dit het aanvanklik swaar gegaan en hy het probeer om deeltydse werk te kry. Daarna het hy met Fotografie begin om sodoende fondse in te samel.

Die werk het toe so baie geword dat hy maar na 'n jaar besluit het om die studies te staak en voltydse aandag aan foto's te gee.

Uit geen kapitaal het hy hom opgewerk tot vandag se Fotokuns, maar dit het met swaar tye en harde werk gepaard gegaan. Hy werk saans die lekkerste en wel tot 12 nm., want dan is daar geeneen om hom te pla nie.

Nou is hy so gewoond aan gedurige harde werk dat sy vrou, Ina, en hul elf-jarige dogter vind dat Oom Piet met tye, wat hy dalk 'n dag of wat tuis is, maar baie rusteloos is en oral rondpeuter, aangesien hy voel dat elke minuut produktief benut moet word.

Oom Piet en sy vrou voel net so jonk soos die studente en geniet die aktiwiteite net so baie. Hy voel net dat daar 'n groot gebrek aan oorspronklikheid by die studente heers.

'n Ander klagte is dat die mense soms so haastig is vir foto's dat hul verwag dat foto's vandag geneem, gister al gereed moes wees!

Behalwe vir Fotografie is daar nog ander stokperdjies ook.

Hy het 'n groot kunsaanleg en is baie lief om dinge te ontwerp.

Het juis decor ontwerp vir Alabama '71 en ook al die planne vir die nuwe huis wat hulle van plan is om te bou, met al die fynere besonderhede daarvan in modelvorm beskikbaar.

# Flora Beplan nog 'n Uitstappie

Florna sit sy reeks ontspanningsgeleenthede vir hierdie jaar voort met 'n naweekuitstappie na die Magaliesberge wanneer sowat sestig studente volgende Vrydag na die kloof te Elandskraal vertrek.

Die groep sal die naweek daar deurgebring en Maandag terugkeer na die Puk. Koste beloop slegs R3,50 per persoon en mnr. en mev. Frikkie Coetzee sal as toerouers optree.


**AJAX**

**Kerkstraat 159**

**Foon 6175**

★

**BOEKE**

★

**SKRYFBEHOEFTES**

★

**PLATE**

**POTCH INRY**

**INRYTEATER**

**Maandag tot Donderdag 7.00 nm. Vrydag en Saterdag 6.45 en 9.00 nm.**

★

**Vrydag en Saterdag 21 en 22 Mei. Eerste vertoning.**

**„THE APRIL FOOLS"**
Jack Lemmon, Catherine Deneuve, Peter Lawford.

★

**Tweede Vertoning:**

**„RUN MAN RUN"**
John Ireland, Tomas Milian

★

**Maandag tot Donderdag 24-27 Mei:**

**„GOODBYE MR. CHIPS"**
Peter O'Toole, Petula Clark

**A. VORSTER APTEEK**

(Frans Nel, B.Sc.Farm.)

★

**Octron-gebou**
**Lombardstraat**

★

VIR VINNIGE
AFLEWERING
**SKAKEL 7074**

TINAS MODEHUIS

**TEL. 5780 — LOMBARDSTRAAT 55 — TRUSTBANK-DEURLOOP — POTCHEFSTROOM**

●

★ PROBEER ONS VIR AL U BENODIGDHEDE

★ ALTYD DEFTIGE EN AANDDRAG IN VOORRAAD

★ ONS STUUR OP SIG UIT

★ SPESIALE 20% AFSLAG AAN STUDENTE

# Probeer Iets Anders

Geagte Redakteur,

Kan daar nie hierdie jaar probeer word om nie weer op die stereotiepe manier gees te vang nie? Met stereotiep word bedoel: die afblaas van damesfietse se bande, die „stelery" van fietse en die uitmekaarhaal daarvan.

Is dit nodig dat 'n fietsrak, met 'n fiets daaraan vasgesluit, bo-op 'n ingangsportaal se dak gegooi hoef te word, soos reeds 'n vorige jaar gebeur het. Is dit werklik geesvang?

Wanneer is die geesvangery veronderstel om te begin? Seker nie reeds die eerste week, soos wel gebeur het nie. Wil die mans die arme dames vir drie weke „molesteer" met die smeerdery. Of „soek" die dames nie dalk drie weke daarna nie?

Ek hoop ook nie dat die oortollige grondboontjebotter weer aan die fietse gesmeer gaan word nie, of dat klokkies of ander toebehore omgeruil of afgehaal sal word nie.

Ek bepleit dus van albei geslagte 'n meer konsiderende manier van geesvang.

„Moaning Lisa".

# PUKKE SÊ HUL SÊ

## Calvinis kry Steun

Geagte Redakteur,

Na aanleiding van „Calvinis" se brief in *Die Wapad* (7/5/71), wil ek hom hiermee antwoord.

Eerstens wil ek hom baie sterk ondersteun. In verband met sy saak wil ek nog 'n paar puntjies noem wat pla, omdat sy standpunt, myns insiens, nie resultate behaal het nie. Dit is vir my snaaks dat so 'n waterdigte punt met so 'n verskoning probeer weerlê is.

Afgesien van die reëling kom die rugbyspelers nog laat vir ete. Die gevolg is dat die wat nog kom eet in hulle sportdrag kom eet en gevolglik moet uitstap voordat die Huisgodsdiens plaasvind.

Verder doen die slepers dieselfde, met net ander motiewe. Die gevolg is dat eetsale Maandae en Woensdag tydens aandetes besonder leeg is. Dit blyk dus asof die reëling se gevolge is dat die huisgodsdiens, wat 'n baie belangrike opvoedingstaak is, nie tot sy reg kom nie. Is dit onbillik om die owerhede daarvoor verantwoordelik te hou Siende dat hulle almal Christene is, moes hulle die uitvloeisel van hulle reëling verwag het. Dit is dus nie te versoen met ons Calvinistiese lewens-en -wêreldbeskouing nie.

Ek hoop net die P.U. gebruik die winste wat hulle maak deur voedselbesparing, wat die gevolg is van 'n klein minderheid van die studentemassa se versoek, om ons etes se standaard te verhoog.

Die uwe,

„POUS".

Die brief is aan die voorsitter van die Komitee van Koshuishoofde voorgelê vir kommentaar:

Die owerhede wil dit vir die sportlui van die Puk ook moontlik maak om hulle aandetes, wat hulle noodwendig moes inboet, te geniet. Om behoorlik in 'n sportsoort te presteer, verg baie tyd en oefening. Wanneer Intervarsity aanbreek, word daar van die sportspanne verwag om hulle beste te lewer, maar gedurende oefentye word geen konsiderasie teenoor hierdie persone getoon in die aanvaarding van 'n twintig minute verskuiwing van aandete vir twee aande per week nie. Daar word reeds vyf dae van die week vir die gerief van nie-sportlui afgestaan.

Die kleredragreëls is vasgestel en daar kan niks aan gedoen word nie.

Aandete duur in geen eetsaal tot later as tien oor sewe nie, en die kwessie van bid-ure kan oorkom word indien persone reg geklee etes bywoon om dan direk na ete kerk toe te stap. Geen van die kerke is meer as 'n paar minute per voet van die kampus nie.

Dit was vir die owerhede nodig om hulle aan te pas by veranderde omstandighede en die slepers kan dieselfde doen; en van hulle sleeptyd opoffer vir die sportlui.

# Korps sou dit Afkeur

Geagte redakteur,

**Tussen baie aangename herinnerings aan die Karnaval, is daar tog ook 'n paar minder aangenames. Een daarvan is die optrede van „*The Attractions*".**

Die feit dat die musiek van 'n swak gehalte was en nie veel meer as 'n interessante ritme gehad het nie, behoef seker geen betoog nie. Die vraag is net: Hoekom laat ons dit toe op die kampus? Sulke musiek is op die Korpsvergaderings van laasjaar goed uitmekaar getrek. En vanjaar? *The Attractions* in die Totiussaal. Is ons dan so inkonsekwent?

Die algemene gees wat die groep openbaar het — hulle klere voorkoms, grappies, die woorde van die liedjies — dit alles was myns insiens banaal en het van 'n anti-christelike inslag getuig. En hoekom moet ons deur hulle te ondersteun vir hulle die moontlikheid van 'n bestaan gee? En as die verantwoordelike persone dan nie geweet het dat die groep sou optree nie, hoekom is hulle nie ewe vriendelik die deur gewys nie? Dit lyk my ons beskaafdheid word as verskoning gebruik om onbeskaafheid toe te laat.

Maar die saak slaan nog verder as net die een keer. Op 'n ander Karnavalkonsert was vuil grappies ook aan die orde van die dag. So was dit ook al op ander konserte vroeër die jaar.

My (en vele ander) se hartewens is dat ons in die toekoms konserte hier sal hê wat sal getuig van die dankbaarheid vir die verlossing van die sonde deur Christus. (Brief verkort. Red.).

KONSEKWENT.

# Onkunde van Reflektor Ooglopend

Geagte Redakteur,

**In hierdie skrywe gaan dit om die anti-rubriek wat deesdae so ooglopend op bladsy twee van die koerant aangebied word.**

Uiteindelik het die heer in die rubriek, wat tot dusver slegs napratery en niksseggendheid as inhoud gehad het, 'n punt aangeroer wat kommer wek.

Dit is naamlik sy onkunde oor iets waaroor hy dit waag om hom uit te laat, nl. die Retoriese Vereniging.

Ek haal aan uit sy rubriek: "die Retoriese Vereniging is gedegradeer tot diegene wat nie kan **praat** nie en as sulks het sy stroompie die woestyn begin nader." Pragtig gesê Reflektor. Voorwaar 'n uitmuntende voorbeeld van retoriese beeldspraakigheid.

Dit is vir ons 'n pynlike taak om ons tot u vlak van onkunde te wend, maar ek sal tog in eenvoudig verstaanbaare terme probeer verduidelik in welke mate u die bal so skandelik misgetas het.

Die doel van die Retoriese Vereniging is nie om goeie praters teen mekaar op te weeg soos by 'n debatsvereniging nie, maar juis om „diegene wat nie kan **praat** nie" te leer en die geleentheid te gee om hul sê te sê en om hulle die nodige selfvertroue te gee om dit met die nodige finesse te doen.

Dit is altyd goed vir 'n Kampvegter om sy teiken (gebied) goed te ondersoek voordat hy sy skoot vuur.

*Bestuur- Retoriese Vereniging.*

„'n Rubriek is soos 'n meisie, sy is vir jou mooi of sy is nie vir jou mooi nie. En omdat sy vir een mooi is, is dit nog nie te sê dat sy vir almal mooi is nie. Ons praat dan liewer nie verder oor die meriete van die **anti-rubriek** nie.

Dit is te betreur dat 'n skoot wat nie teen die Retoriese Vereniging gemik was nie, blykbaar tog spaanders in daardie rigting gegooi het: omdat die **visier** nie met matematiese sekuurheid gerig (of ontvang?) is nie.

Ek het dit naamlik teen diegene wat afkeurend van die Retoriese Vereniging dink en in hulle gedagtes dit verskraal tot die oefenveld van diegene wat **dink** hulle kan nie **praat** nie. Verskraal omdat baie die geleentheid wat gebied word opsetlik misloop, terwyl dit juis hulle is wat die elementêre tegnieke nie kon baasraak nie, en die praktiese bloei van genoemde Vereniging luisterryk sou kon vergestalt. Ek het dit steeds teen diegene wat nie wil erken dat hulle nog nie die basiese beginsels van retoriek baasgeraak het nie, maar weier om dit te erken en die arme luisteraar die voorreg van genoeë daardeur ontneem.

REFLEKTOR.


## 20th Century Teater

**Middagvertonings Ma., Wo., Vr. en Sa. 1.25 nm. Aandvertonings 8.00 nm.:**

★

**Vrydag 21 en Saterdag 22 Mei:**
**„PRESSURE BURST"**
Carel Trichardt, Brian O'Shaunessy

★

**Saterdagoggend 9.45 vm.:**
**"THE HOTHEADS"**

★

**Maandag en Dinsdag 24 en 25 Mei:**
**„-ID FROM TEXAS"**
Audy Murphy
Gale Storm (4-12)

★

**Woensdag 26 en Donderdag 27 Mei:**
**„THE MAN HAUNTED HIMSELF"**
Roger Moore
Hildegarde Neil

## GOUE WESTE

**Maandag tot Donderdag 7.00 nm. Vrydag en Saterdag 6.45 en 9.00 nm.**

★

**Vrydag en Saterdag 21 en 22 Mei. Eerste vertoning:**
**„SHANE"**
Alan Ladd, Jean Arthur, Van Heflin.

★

**Tweede Vertoning:**
**„STILLETTO"**
Alex Cord, Britt Ekland.

★

**Maandag en Dinsdag 24 en 25 Mei:**
**„TARAS BULBA"**
Tony Curtis, Yul Brynner
Christine Kaufmann

★

**Woensdag en Donderdag, 26 en 27 Mei:**
**„ONE, TWO, THREE"**
James Cagney, Horst Bucholz
Pamela Tiffin


## NOG 'N NUWE GEBOU



**Langs die Hoofgebou het die nuwe Aardkundegebou 'n gevorderde stadium van afronding bereik.** *Foto: Ben van der Walt.*


**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

● HANDBOEKE

● SKRYFBEHOEFTES

● EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**

**„die potchefstroomse boekhandel"**

**TOMSTRAAT — TEL. 3421 — POTCHEFSTROOM**

# FRANS DIE KONTAK-MEDIUM TOT AFRIKA

**PROF. M. J. H. DU PLESSIS, professor vir en hoof van die Departement Frans en Italiaans, het op Vrydag 14 Mei sy inougerele rede in die Konservatoriumsaal gelewer. Die titel daarvan was:** *Frans in ons tyd: sy konkrete universaliteit.*

Prof. du Plessis is op 24 Mei 1938 te Brits gebore en het sy skoolopleiding aan die plaaslike hoërskool voltooi. Daarna het hy agtereenvolgens die B.A.- (1959), B.A. (Honns.)- en M.A.-grade aan die P.U. behaal — almal met onderskeiding. In 1962 word hy lektor in Latyn aan die P.U. In 1964 skryf hy Frans III af, en studeer vanaf 1965 aan die Universiteit van Montpellier, waar hy in 1968 die graad „Doctor es Lettres" ook met onderskeiding behaal.

Prof. Du Plessis is in Mei 1968 as senior lektor in die departement Frans aangestel en met ingang 1 Januarie 1971 as professor benoem.

Prof. Du Plessis het sy rede begin deur die huidige posisie van Frans in Suid-Afrika te skets. Die Afrikaner struikel oor die Franse name van Afrikaleiers, en die Franse en hulle taal is vreemd vir hulle — dit terwyl Frans ons kultuurtaal is wat ons met Afrika, Europa en die res van die wêreld verbind.



**Prof. M. J. H. du Plessis wat onlangs sy inougurele rede gelewer het.** *Foto: Fotokuns.*

Daarna het hy vyf redes vir die huidige waarde van Frans en die praktiese behoefte wat daar aan Frans bestaan, bespreek.

Die eerste rede vind hy in die oorsprong van Frans. Dit het ontwikkel uit die taal van die boere rondom Latium in Italië. Frans stam meer bepaald uit die besluit wat die Konsilie van Tours in 813 V.C. geneem het: om in die volkstaal te begin preek. Frans het die Hellenisme en die Latiniteit in homself vervat en is geroep om, nes Grieks, 'n universele rol in die wêreld te speel. Frans bevat dus die wesenlike van die Westerse beskawing.

Dat Frans wel baie van Latyn verskil, kan reeds uit die **Sermons de Strasbourg** gesien word. Daaruit blyk reeds 'n vereenvoudige sintaksis, die verlies van vier naamvalle. Uit hierdie baie vroeë stuk is die belangrike rol wat Frans in die kommunikasie gespeel het, reeds duidelik.

As tweede rede het prof. Du Plessis die Latyns-Romaanse en die Gallo-Romaanse affiniteite genoem. Die affiniteit hou 'n kulturele gebondenheid van die Latynse, Galliese en Germaanse kulture onderling in. Dit het sy oorsprong in die sentrale posisie wat Gallië in Europa beklee het. Die gebondenheid het nog lank na die ontstaan van moderne Frans voortbestaan. Ter stawing hiervan het prof. Du Plessis talle voorbeelde uit moderne tale gehaal. Die semantiese invloed van die Latiniteit ag hy van besondere belang. Logaliteite soos **vaderland, indruk en voortuigang** is van Latynse oorsprong en word vandag nog in die Europese tale bewaar. Frans se invloed op al die Europese tale en die hele Europese denkwyse was en is aansienlik.

Die derde rede wat tot die universalitiet van Frans bygedra het, is die vlug van die Hugenote uit Frankryk. In die Verband het prof Du Plesis besondere aandag aan die Hugenote aan die Kaap gegee. Hul predikant het o.a. begin om die Bybel in Frans te vertaal, om sodoende ook die slawe te bereik. Weens die onversetlike houding van die Nederlandse goewerneurs jeens die instandhouding van die Franse se taal en kultuur, het die Franse gemeenskap egter uitgesterf.

Die invloed van die Hugenote het nog verder gestrek: promiese literatuur in die taal het bygedra tot die gewetenskrisis wat in Frankryk ontstaan het. Met die byeenkoms van Versailles waar die V.S.A. hulle onafhanklikheid gekry het, het Frans die belangrike funksie van sin- en vormgewing gekry. Via Italiaans is dit ook die draer van 'n universele humanisme.

Die vierde faktor is die eie aard van Frans. Dit pas in besondere mate by die moderne wetenskap. Dit laat die etiek van die gees van Frankryk vasgryp. Die sinsorde van die taal is ook by uitstek logies. Dinge wat by mekaar hoort, word by mekaar geplaas. Daarby is dit stabiel, sodat dit stabiel bly in 'n veranderende wêreld, en tog ongeëwenaard duidelik is. Frans is van hoë afkoms, en is buigbaar en standhoudend.

Die vyfde rede vir Frans se universaliteit lê in sy konkrete herlewing vandag. Dit word al hoe meer 'n internasionale gebruikstaal. Al is dit nie 'n massataal soos bv. Sjinees nie, is dit die taal van die elite. Dit word vandag ook al hoe meer geleer. Die herlewing is die gevolg van Frankryk se vitale nasionalisme wat uiting vind in talle organisasies vir die verbreiding van Frans. Die Alliance Francaise is 'n voorbeeld hiervan.

Verdere illustrasie van die universaliteit van Frans is die posisie in die E.E.G. waar na 'n supra-nasionale taal gesoek word Frans is die geskikste kandidaat. In die R.S.A. kan kennis van Frans ons skansmuur teen die barbarisme wees. Ons het reeds bo Engels uitgegroei, het prof. Du Plessis gesê. Frans bied ons die sleutel tot Afrika.


Prof. Du Plessis se rede was op die hoë akademiese standaard wat verwag word. Hy het veral uitgeblink in die duidelike wyse waarop hy dit voorgedra het, alhoewel die oog miskien te sterk op Frans alleen gerig is.




**Reusemasjinerie word gebruik by die bouery wat die hele kampus verander. Terwyl party geboue reeds die hoogte ingeskiet het, is daar slegs met uitgrawings op ander plekke begin.**
*Foto's: Ben van der Walt.*



**Die nuwe manskoshuis oorkant die spoor begin reeds vorm aanneem, terwyl die dameskoshuis (voorgrond) nog ver van klaar is.**
*Foto: Flip Dwinger.*



# Daaglikse Oefening is Noodsaaklik

Waardevolle inligting oor die rehabilitasie van suikersiektepasiënte is pas bekend gemaak in die proefskrif van dr. F. J. Buys, dosent in Liggaamlike Opvoedkunde aan die P.U. Dr. Buys het ondersoek ingestel na die chroniese invloed van oefening op pasiënte wat aan suikersiekte ly.

Dr. Buys het 'n groep van agt diabetiese proefpersone gehad wat van Augustus 1968 ongeveer agt maande lank geoefen het. Daaglikse verslae van voedselinname is van Januarie 1969 gehou. Oefeninge is vier keer per week 'n halfuur per dag gedoen. Na agt maande is 'n opvolgstudie van nege maande lank gedoen waartydens die proefpersone gerus het.

Dr. Buys het o.m. bevind dat daar na voltooiing van die oefening by al die proefmense, met die uitsondering van een, 'n algehele verdwyning van suikersiekte was. Nadat die oefeninge gestaak is, het die proefkonyne se liggaamsmassa toegeneem.

Dit wil voorkom asof onaktiwiteit 'n geleidelike verswakking in die liggaamsvermoë vir die hantering van 'n oorbelading glukose tot gevolg het. Hierdie afname kan moontlik lei tot die herverskyning van suikersiekte.

# UIT ALLE OORDE

**N.K.P.**

*Trompie*, die Onderwyskollege van Pretoria se Studentekoerant, berig dat daar vanjaar 25 000 eksemplare meer van die *Asbok* gedruk gaan word as verlede jaar.

„Verlede jaar se Asbok was die beste van al die Kolleges en Universiteite en daar word vanjaar beoog om 'n beter Asbok uit te gee as verlede jaar. Die gehalte van die sketse is beter en die inhoud van die grappies uitstekend."

Die kermis sal van 19-21 Augustus plaasvind onder leiding van mnr. Wynand Scott.

Kollektelyste is alreeds uitgedeel. Die persone wat die meeste kollekteer ontvang pryse. Die eerste prys is 'n oorsese toer en die tweede prys 'n tweedaagse toer na die Wildtuin vir twee persone. Spesiale pryse vir seniors word ook beplan. Alle seniors wat meer as R5,00 insamel, kom in aanmerking vir die prys.

# P JKKE .VEN NOG ALLES

**TOT DUSVER VANJAAR het nog nie een van die rugbyspanne van die Puk in die liga 'n enkele wedstryd verloor nie. Indien hierdie prestasie volgehou word, kan dit vir die Puk van onskatbare waarde wees.**

Daar kan aangeneem word dat alle spanne daarop ingestel sal wees om die Puk te troef.

Die plaaslike koerante van Potchefstroom berig dat daar geen twyfel bestaan dat „die studente die mooiste en aanskoulikste rugby in Wes-Transvaal speel nie. Hulle tweedespan het byvoorbeeld verlede Vrydagaand 'n asemrowende drie gekry nadat voor- en agterspelers die bal soos outomate hanteer het."

Vir die eerste keer in baie jare het die Pukke ook diepte in hulle rugby. Dit is dus geen wonder dat Charles Venter uit die tweedespan gekies is as reserwe vir Wes-Transvaal nie. Hy word dan ook deur plaaslike sportskrywers bestempel as „'n speler van bo-gemiddelde formaat" as senter en as skrumskakel.

## Volledige Uitslae

| | |
|---|---|
| **Manshokkie:** | |
| P.U. A 2 | P.O.K. A 0 |
| P.U. A 2 | Klerksdorp 1 |
| **Dameshokkie:** | |
| P.U. A 4 | Potch Dorp 0 |
| P.U. B 3 | Strathvaal 0 |
| **Koshuishokkie:** | |
| Heide A 6 | Karlien A 0 |
| Heide B 3 | Oosterhof A 1 |
| **P.U. Rugby:** | |
| P.U. I 37 | P.O.K. I 12 |
| P.U. II 20 | P.O.K. II 13 |
| Dorp 19 | P.O.K. III 5 |
| P.U. o/20 18 | P.O.K. o/20 8 |
| P.U. I 18 | Potch Dorp I 12 |
| P.U. II 19 | Potch Dorp II 8 |
| P.U. o/20 15 | Potch Dorp III 10 |
| P.U. o/20 B 14 | Potch Dorp IV 10 |
| **Korfbal:** | |
| P.U. I 30 | Koöperasie 37 |
| P.U. I 41 | P.O.K. 19 |
| **Koshuisliga:** | |
| Over de Voor A 17 | Kompleks A 11 |
| Piet Grobler A 12 | Dawie Dup A 6 |
| Over de Voor A 16 | Dawie Dup A 8 |
| Piet Grobler A 16 | Kompleks A 11 |
| Kasteel A 27 | Dorp A 0 |
| Dawie Dup B 30 | Kompleks B 5 |
| Dawie Dup B 8 | Over de Voor B 6 |
| Piet Grobler B 6 | Kasteel C 15 |
| Kasteel D 8 | Doep B 6 |
| Kompleks B | Piet Grobler B |
| Kasteel C | P.O.K. A |
| Dorp B | P.O.K. B |
| Over de Voor C | Kasteel F |
| Kasteel E 0 | Dawie Dup C 0 |
| P.O.K. C 11 | Dawie Dup C 10 |
| Over de Voor C | Kasteel E |


CACHET MODES

DIE DAMESWINKEL

bied u

SOMERMODES

wintermodes

ONDERKLERE

broekkouse

TOMSTRAAT 92










## UIT ALLE OORDE

STELLENBOSCH.

Germanicus word vanjaar deur die Dramaskool van Stellenbosch opgevoer as die Departement se bydrae tot die Afrikaanse toneel met die Republiekfees, berig *Die Matie*.

Germanicus, deur Van Wyk Louw, word beskou as een van die heel beste dramatiese stukke in Afrikaans. So berig die studentekoerant van Stellenbosch.

Prof. Le Roux sê dat daar op Germanicus besluit is aangesien die stuk se strukturele verdeling in los tonele repetering aansienlike makliker maak. Daar is ook heelwat vrouerolle wat dit vir die departement vergemaklik, aangesien die departement oor 'n meerderheid damesstudente beskik.

'n Interesante meervlakkige skuins-vloervlak dekor is ontwerp en dit blyk baie eenvoudig en strak te wees.

## Kampioenskappe Afgehandel

Die P.U. - tenniskampioenskappe is afgehandel met 'n oorwinning in die mans dubbelspel vir Pikkerwyn Malan en Izak Hoffman oor Pieter de Villiers en Elmo Ferreira met 6/3 3/6 6/3.

Heloise Burger het die dames enkelspel met 6/2 6/2 gewen. Sy het in die einwedstryd teen 'n moedige Enid Rencken te staan gekom.

In die gemengde dubbelspal het Christo van de Walt en Heloise Burger maklik met Pieter de Villiers en Riana Fourie met 6/1 6/1 afgereken.

# DAMES TROEF DORP

**DIE PUKKESE EERSTE hokkiespan, het Saterdag teen Potchefstroom dorp op Olënpark gespeel en met 4-0 gewen. Al vier die doele is deur Susan Els aangeteken.**

Met die tweedespan het dit ook voor die wind gegaan in hul wedstryd teen Strathvaal. Binne die eerste vyf minute van die eerste helfte het Magda Lichthelm alreeds 'n doel aangeteken. Die res van die eerste helfte is geen punte aanteken nie. Die Pukke het die meeste van die tyd die wedstryd oorheers, maar die doel wagter was net een te veel vir die voorlyn. Vroeg in die tweede helfte teken Magda Lichthelm weer 'n doel aan. Die derde doel is deur Alta Opperman aangeteken, sodat die eindtelling op 3-0 in die Pukke se guns staan.

Daar is ook Twee koshuisligawedstryde gespeel is oor die naweek. Heide se eerste span wen Karlien met 6-0 en Heide se tweede span klop die eerste span van Oosterhof met 3-1.

# Onderwaterklub Word Gestig

**DUIK GENIET vandag 'n wye belangstelling en is een van die sportsoorte wat die vinnigste uitbrei. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat dit 'n familiesport is waaraan almal kan deelneem en ook dat dit vir die deelnemer so baie kan bied, het mnr. J. H. Preller van die Potchefstroomse Onderwaterklub in 'n onderhoud met *Die Wapad* gesê.**

Hy het voorts verklaar dat nuwe wêrelde in visskiet of net lui-lekker onderwater rondswem met behulp van lugbottels ontsluit word. Persoonlike mededinging en kompetisie is ook moontlik in visskiet, onderwaterhokkie, hinderniswedstryde met lugbottels en selfs onderwater fotografie.

„'n Meningsopname het getoon dat daar genoeg belangstelling aan die Universiteit bestaan om die stigting van 'n onderwaterklub te regverdig en op 24 Mei om 7.30 nm. sal die stigtersvergadering gehou word in die groot lesingsaal van die Sielkundegebou by die Universiteit. Die vergadering sal voorafgegaan word deur 'n vertoning van onder water rolprente en -kleurskyfies die uitstalling van uitrusting en 'n kort lesing oor wat die sport alles inhou en kan aanbied.

„Persone wat nie in die duik self belangstel nie, sal die uitstalling en filmvertonings interessant en beslis die moeite werd vind.

Belangstellendes wat nie aan die Universiteit verbonde is nie, is ook baie welkom aangesien daar 'n klub in die dorp bestaan waarby hulle sal kan inskakel.

## Baie Geluk

Baie geluk aan John Vermeulen wat tydens die Republiekfeesatletiekbyeenkoms 'n nuwe W.P. rekord van 14 vt. 10 dm. in die paalspring opgestel het.


„Dollies-maar kom eers saam met my Volkskas toe"



Nie 'n sleg plek nie, Volkskas. As jou sleep daardie nuwe fliek *moet* sien, en jou fondse is skraps, vat haar saam Volkskas toe. Lekker stoele vir haar om op te sit terwyl jy geldsake gesels.

Buitendien, as sy jou tipe veer is, moet sy 'n Volkskas-meisie wees. Miskien kry sy jou jammer. Miskien trek sy ook geld en betaal vir haarself.

VOLKSKAS

Beperk

*Waar studente deurkom met geldsake*

# Pukke Speel Klaar met P.O.K.

(JOHANN DU PISANI)

**EN TOE IS DIE LEEUTEMMERS VAN WES-TRANSVAAL self getem op egte Pukwyse met 37-12. Kom ons dink 'n bietjie terug aan die wedstryd.**

As uitblinkers kan niemand uitgesonder word nie, want al vyftien Pukke het hul deel bygedra tot die uitmuntende spanpoging. Sommer van die afskop af, kon daar gesien word dat die Puk vasbeslote was om laasjaar se 12-11 nederlaag te wreek. 'n Uitstaande kenmerk van die wedstryd was die groot aantal strafskoppe wat beide spanne weggegee het.

Ferdie Postma het met ondersteuning van sy voorspelers 'n hele paar vasskoppe gehaak. Beide heelagters het ook getoon dat indien Paul Durandt sou verslap, geeneen van hulle die provinsiale span in die steek sal laat nie. Na Dries Coetzer en Phil Steyn se uitmuntende vertonings is dit te verstane dat Piet Brand hom steeds in die tweedespan bevind. Hennie Coetzee en Shoe Schutte het die P.O.K.-stutte swaar laat leef. Veral Hennie se opponent kon nie altyd staande bly nie.

James Stoffberg en Barry Bernardo het die P.O.K.-agterlyn baie benoude oomblikke besorg en die wyse waarop James 'n bal uit 'n losskrum haal het menige toeskouer verbly. Jannie Barnard het die wedstryd van sy lewe gespeel en gewys dat hy kan gee en ontvang. Piet Roodt se twee skepdoele heel aan die begin van die wedstryd, het die deurslag gegee. Daarna was die Puk onkeerbaar.

Elke keer wat Dinky Muller en Eugene van Wyk met die bal begin hardloop het, moes hulle opponente keer so al wat hulle kan. Bartho Saayman en Gerhard Botha het mooi van hulle kanse gebruik gemaak. Na Gerhard se skitterdrie op eie houtjie net voor die einde, kan daar beslis plan gemaak word om hom Wes-Transvaal A-span toe te bring vir die wedstryd teen die Franse.

Jim van Rensburg het 'n ware kapteinspel gespeel en was oral op die voorpunt. Hy het beslis aan sy span 'n goue voorbeeld gestel. Nog een of twee sulke wedstryde en Jim kan ook nader geroep word Wes-Transvaal toe.

Vir die Puk het Bartho Saayman, Dinky Muller, Shoe Schutte, James Stoffberg en Gerhard Botha (2) drieë behaal. Schalk van der Merwe het vyf hiervan vervyf en ook met 'n strafdoel geslaag. Gerrie van der Merwe (3) en Nick Kotze het strafdoele vir P.O.K. behaal.

## op eie werf

Nog 'n rondte in die koshuisrugbyliga is agter die rug en steeds loop die geesdrif hoog. In die Piet Grobler — Dawie Dup-wedstryd het die gemoedere dikwels hoog geloop. 'n Mens wonder of die vuilspel wat nou in al hoe meer interkoshuiswedstryde kop uitsteek, nie beperk kan word nie. 'n Speler speel wel vir sy koshuis en sal alles in sy vermoë doen om sy koshuis te laat wen, maar hoekom ontsier ons dan die spel rugby. 'n Span wat skoon, mooi en oop rugby speel, kan tog ook sy wedstryde wen. Toeskouers wat die bogenoemde wedstryd bygewoon het, het duidelik hulle misnoeë met die vuilspel te kenne gegee. Afrigters kan gerus poog om hierdie lelike verskynsel in ons koshuisrugby die nek in te slaan.

Die Over de Voor — Kompleks-wedstryd was beslis die aanskoulikste wedstryd gespeel op die 8ste Mei. Nadat Kompleks 11-3 voor was, het Over de Voor pragtig teruggeveg en 17-11 gewen. Hierdie oorwinning het hulle veral aan hulle puik voorspelers te danke, wat die bal keer op keer aan 'n ewe gevaarlike agterlyn besorg het.

'n Voorspelerstryd soos min kan verwag word as Over de Voor teen Piet Grobler speel. Over de Voor het die voorspelers om Piet Grobler te tem. Kompleks se ligte maar baie beweeglike agttal het mooi gespeel, maar in hulle agterlyn het die nodige slaankrag ontbreek.

Dorp wat vanjaar self 'n windmakerspan het, het gek geskeer met P.O.K. se derdespan en maklik met 19-5 gewen. Oor die algemeen is al die spanne in die koshuisliga vanjaar ewe sterk, en daar kan nog puik wedstryde verwag word.

Die Pukke het ook op 8 Mei die padafloswedloop tussen Parys en Potchefstroom oor 34 myl in 2 uur 47.6 sek. gewen. Die individuele tye van die span was: Pypies Laubscher 29 min. 55 sek. (6 myl), Sakkie Kirsten 27 min. 47 sek. (5.3 myl), Dirk Schoeman 26 min. 12 sek (5.3 myl), Fanie van Zyl 24 min. 28 sek. (5.3 myl) en Dirk Lodewycks 25 min. 25 sek. (5.3 myl) en Gawie van Eck 35 min. 3 sek. (7 myl).

P.O.K. se span was tweede en die P.U. B-span derde.

# PUKKE TROEF DORP NA 4 JAAR

(JOHANN DU PISANI)

**WATTER GROOT WEDSTRYD was dit nie vir die Puk nie! Vir die eerste keer in vier jaar kon die Puk daarin slaag om Potchefstroom Dorp in 'n rugbywedstryd te klop. Die eindtelling was dan ook 'n goeie weergawe van die wedstryd: 18-12; vyf skitterdrieë en 'n strafskop vir die Puk teen vier strafskoppe vir Potch Dorp. Om vyf drieë teen Potch Dorp te druk wil darem gedoen word.**

Die Pukke het aan die hardloop geraak en Dorp kon net nie al die gate toestop nie. Dorp se groot slot, Daan Ackermann, het sleg afgesteek teen Phil Steyn van die Puk, Hennie Coetzee het Jan Hennop swaar laat leef in die voorry.

Gerhard Botha was as gevolg van siekte nie vir die wedstryd beskikbaar nie en Bernardo is van agsteman na vleuel verskuif, terwyl sy plek deur Piet Brand ingeneem is. Bernardo het 'n goeie wedstryd op vleuel gehad en self twee skitterdrieë gedruk deur met vaart en krag na die hoekvlag te suiker. James Stoffberg, Bartho Saayman en Jannie Barnard het die ander drieë gedruk. Piet Roodt het met 'n strafskop geslaag.

Vir Dorp het Sand Claassen vier strafskoppe oorgeklits. Schalk van der Merwe, met 'n beseerde dyspier, het nie waffers geskop nie, maar origens goed vertoon.

Op die pawiljoen was die Puk goed verteenwoordig en het die eerstespan goeie ondersteuning gekry.

Eugene van Wyk het Springbok Johan van der Schyff goed vasgevat en daarmee ook sy insluiting in die Wes-Transvaalse span wat teen die Franse speel, verseker. Verlede jaar het Eugene nog vir die Puk se o/20 span gespeel.

Hoewel Dorp met sy swaarder voorspelers hulle man goed gestaan het, was die beweegliker Pukke hulle totaal oor in die los. Dit was dan ok veral gedurende die laaste 15 minute wat die Pukke met twee pragdrieë vorendag gekom het. Dorp het ook nooit na 'n wenspan gelyk nie, en as Sand Claassen nie so goed kon skop nie, was die prentjie totaal anders as wat die puntestand weergee.

Selfs as Schalk van der Merwe sy skopskoen aangehad het, kon die punteverskil naby vyftien gewees het.

Met hierdie oorwinning het die Pukke dan ook die enigste span geword wat nog nie 'n wedstryd in die Neserbekerafdeling verloor het in Wes-Transvaal nie. Die enigste ander onoorwonne span, Dorp, moes die knie juis teen die Pukke buig.


## BULT
## DROOGSKOONMAKERS EN WASSERY

**Kom na die nuwe Bult Droogskoonmakers en Wassery.**
**Alles word nou skoongemaak of gewas in 'n spesiale ingevoerde skoonmaakmiddel.**
**Ons trek binnekort na ons nuwe ultramoderne lokaal te Tomstraat 98.**

TOMSTRAAT 90 TEL. 5574




Gene van Wyk wat verlede jaar O/20 gespeel het en nou Woensdag teen die Franse in aksie sal wees. *Foto: Fotokuns.*

# TWEE PUKKE IN SPAN TEEN FRANSE

Eugene van Wyk is gekies om vir Wes-Transvaal uit te draf as senter teen die Franse. Charles Venter is as reserwe vir dieselfde span aangewys. Beide spelers het reeds hulle merk gemaak in die senterposisie, hoewel Charles Venter netso goed as skrumskakel gebruik kan word.

Piet Brand (slot), Bernard Bernardo (agsteman), Gerhard Botha (vleuel) en Jannie Barnard (skrumskakel) is gekies vir die B-span. Piet Brand het reeds vir Wes-Transvaal se A-span uitgedraf hierdie seisoen.

# *Eerstejaar Slaan S.A.-Rekord*

Charl van der Merwe, eerstejaarstudent aan die P.U., het Dinsdagmiddag tydens 'n huishoudelike atletiekbyeenkoms op die P.U.-atletiekbaan 'n nuwe Suid-Afrikaanse junior hamergooirekord van 187' 10" opgestel. Dit verbeter die ou rekord met 3' 7".

Van der Merwe het die afgelope tyd gereeld in oefeninge die rekord oortref en die byeenkoms is uitsluitlik met die doel dat hy 'n amptelike aanslag op die rekord kon maak, gereël.

Die jong Van der Merwe se sukses en verbetering word in 'n groot mate aan afrigter Jos Sirakis toegeskryf.

# *Landloop Goed Verteenwoordig in W.-Tvl.*

Verskeie Pukke is in die Wes-Transvaalse landloopspan wat op 5 Junie teen Oos-Transvaal op Witbank te staan kom, ingesluit.

Hilta Liebenberg, Ignatia Bester en Jessica Knoetze is in die damesspan ingesluit terwyl Lana Conradie as reserwe aangewys is.

Dirk Schoeman en Francoise Schutte is in die Juniorspan opgeneem terwyl vier mans in die senior span opgeneem is. Hulle is: Springbok Fanie van Zyl, Andries Krogman, Gawie van Eck en Chris Lodewycks.


na aksie.. satisfaksie






vol-ja smaakvol